



Die Gemeente met Oop Deure



Liewe doopouer

Ons is saam met julle opgewonde oor die groot stap wat jul gaan neem om julle kind te laat doop en sodoende hierdie wonderlike geskenk wat die Here aan julle toevertrou het, deel van Christus se verbondsfamilie hier op aarde te maak.

Heidekoppie gemeente wil julle as ouers graag met toerusting en ondersteuning bystaan in die belangrike taak wat julle het om Jesus sentraal in julle huishouding te plaas.

✠ Ons ontmoet op in die boonste lokale. Julle kan op die agterste parkeerterrein parkeer en by die glasdeure ingaan. Julle sal daar ontvang word.

Die byeenkoms duur van 19:00 - 22:00 en is verpligtend vir alle ouers.

✠ Ons wil graag dat ouers voorbereid na hierdie gesprek toe kom en heg daarom 'n dokument aan wat julle vooraf moet deurlees.

✠ Die gebruik by Heidekoppie is om 'n spesiale herinneringskissie by die doopgeleentheid aan ouers te verskaf ten einde geloofsoordrag op 'n tasbare manier te bewerkstellig (meer detail word tydens die doopgesprek verskaf). Die koste verbonde aan die kissie is R150 en kan die aand van die doopgesprek betaal word. Plaas asb die korrekte bedrag in 'n koevert met jul kind se naam op. Betalings kan ook vooraf by die kerkkantoor gedoen word of elektronies geskied (Bankbesonderhede: NG Kerk Heidekoppie, ABSA tjekrek, Brackenfell tak, Rek nr 145 058 0674, verwysing: kissie+van bv "kissienel"). Faks bewys van betaling aan die kerkkantoor (0865521848) of epos aan Ontvangs@heidekoppie.com.

Addisionele kissies kan ook aangekoop word, daar is ongelukkig nie 'n boekie en 'n kers in nie.

✠ Tydens die doopgeleentheid word 'n foto van die baba op die skerm vertoon om ons nuwe dooplidmaat aan die gemeente bekend te stel. Julle kan gerus solank 'n foto hiervoor uitkies. Die foto moet teen die Dinsdag wat die doopgeleentheid voorafgaan, per epos gestuur word na Theresa by theresat@spire.co.za.

✠ Ouers kan by enige van die twee oggenddienste doop - die dienste begin om 08:30 en 10:30 onderskeidelik (slegs een diens om 08:30 tydens skoolvakansies en langnaweke). Kom betyds, dan is almal rustig.

Die doop geskied gewoonlik redelik aan die begin van die erediens.

Ouers kan enige plek in die kerk sit. Ouers verkies gewoonlik dat die babas in die moederskamer bly by die persoon wat die baba inbring.

Aan die begin van die doopseremonie sal die leraar die dooppare na vore roep. Die leraar hou die doopformulier aan die ouers voor en hulle antwoord hardop op die vrae (onder-aan hierdie dokument). Daarna sal die koster die persone wat die babas inbring, gaan roep. Die gemeente sing soms 'n lied hier saam. Familielede is welkom om voor by die oerpare aan te sluit vir die doop.

Wanneer al die babas gedoop is, sing die gemeente 'n seënlied vir die ouers en hulle kinders. Daarna word die babas weer kom haal en na die moederkamer geneem terwyl die ouers weer hul sitplekke inneem.

✠ Indien vriende of familie foto's van die doopgeleentheid wil neem, wil ons vra dat hulle asb nie op die verhoog sal staan nie.



Die Gemeente met Oop Deure



✠ Indien julle enige verder vrae het, kan julle dit tydens die doopgesprek met ons bespreek.

Leraars en Familiebediening



Matt 7:25 “Die stotreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op rots”

Vrae waarop die ouers moet antwoord

- Bely julle dat, hoewel ons kinders as sondaars in die wêreld gekom het en daarom onder die oordeel van God staan, hulle nogtans in Christus aan God behoort en daarom as lidmate van sy gemeente gedoop moet word?
- Bely julle dat die leer van die Ou en Nuwe Testament wat ook in die artikels van die Christelike geloof vervat is en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?
- Beloof julle om hierdie kind, van wie julle die vader en die moeder (of voog) is, in díe leer na die beste van julle vermoë te onderrig en te laat onderrig?